



## BEERASSE

## BLINK TOEKOMS WAG OP WAGYU'S IN KOMMERSIËLE KUDDES

**DIE** jongste gesertifiseerde Wagyuveiling wys duidelik dat die ras al hoe meer vastrapplek in kommersiële boere se kudde kry.

Mnr. Samuel Pauw van A15-Wagyu telers en projekteer van die veiling sê ofskoon pryse op die 2018-veiling, wat einde September in Pretoria plaasgevind het, betreklik laer is as verlede jaar, was die gehalte van diere wat aangebied is, baie hoog.

“Ek verkoop onder meer Wagyu-beeste in Australië en in Amerika, maar veral die aanbod van vroulike diere wat op die veiling aangebied is, was gelykstaande aan enige veiling ter wêreld,” sê Pauw.

Hy skryf die prysdaling groot-

liks toe aan die huidige ekonomiese klimaat en sê beleggers se risiko-aptit het oor die afgelope paar maande gedaal.

Ondanks die prysdaling is al die diere wat op die veiling aangebied is, verkoop. Die gemiddelde prys van verse is steeds tot vier maal meer as wat vir ander beersasse verkry sou word.

### SONDER RESERWEPYRS

Die gemiddelde prys vir verse op die veiling was sowat R90 000, terwyl die gemiddelde koeiprys

meer as R100 000 was. Die hoogste prys was R390 000 wat vir 'n koei met 'n kalf betaal is, terwyl die duurste bul vir R245 000 van die hand gesit is.

“Ons het vanjaar steeds goeie bulle gesien met die potensiaal om as sterk melkbulle vervangingsverse te teel, terwyl die volgende geslag hoëmarmeringsbulle in die komende paar maande aangebied sal word,” sê Pauw.

Die veiling is sonder 'n reserweprys aangebied, iets wat volgens Pauw 'n goeie aanduiding is van

**‘Met 'n reserweprys sou telers hoër pryse vir hul diere gekry het, maar nou weet ons ook wat die mark bereid is om te betaal vir Wagyu's.’**

waar die markprys vir vee lê.

“Met 'n reserweprys sou telers hoër pryse vir hul diere gekry het, maar nou weet ons ook wat die mark bereid is om vir Wagyu's te betaal.”

### BULPRYSE BLY STYG

Pauw sê boere besef ook nou dat die mark versadig begin raak en dat slegs embryo's van 'n hoë gehalte in die toekoms die vee sal lewer wat mededingende pryse sal behaal.

“Uiteindelik is die slotsom presies dieselfde as vir ander beersasse: Die stoetteler se doel is om diere te teel wat vir die kommersiële boer meer geld kan maak. Dus kan ons nie meer net in gewone Wagyu-teelmateriaal belê en hoop om toppryse te behaal nie. Die kommersiële boer dring aan op die beste, moontlike teelmateriaal sodat hy ook kan wen.”

Intussen bring die laer pryse weer die mark nader na “normale” pryse en maak die mark groter.

Vir Pauw is die feit dat bulpryse aanhou styg, 'n groot rede tot opgewondenheid. “Die meeste van hierdie bulle is deur kommersiële boere van so ver soos Namibië aangekoop. Dit wys ons dat hier 'n lewenskragtige mark is wat nie slegs bestaan uit telers wat diere by mekaar koop nie en dat daar absoluut waarde daarin lê om 'n topbul te teel of om topembrio's te lewer,” sê hy.

– GERRIT BEZUIDENHOUT

### DIERGEESONDHEID

## LISTERIOSE-KRISIS BRING KENTERING IN VARKBEDRYF

**DIE** varkbedryf het te midde van die rampspoedige uitbreking van listeriose vroeër vanjaar miljoene aan promosie bestee en sy korporatiewe identiteit en kultuur vernuwe om hom beter vir die toekoms te posisioneer.

Me. Marieta Human, bevestigingsbestuurder by die Suid-Afrikaanse Varkproducente-Organisasie (Savpo), sê die organisasie het tydens die insinking van die varkprys ná die aankondiging op 4 Maart dat

die dodelike ST6 listeriose-stam tot by Enterprise se aanleg nagespeur is, alles moontlik gedoen om die verbruik van varkvlies te bevorder.

In die proses het die organisasie tussen Maart en Mei R6 miljoen aan promosies bestee in 'n veldtog wat onder meer gemik was op die skep van groter mark-aandeel op lang termyn.

Die organisasie wil hom nou ook as 'n dinamiese sake-eenheid posisioneer plaas van bloot

'n kommoditeitsorganisasie.

### BETER VOORUITSIGTE

Mnr. James Jenkinson, uittredende voorsitter van Savpo, sê die listeriose-aankondiging het boere se situasie oornag verander en die ergste uitwerking in die geskiedenis op almal in die waardeketting gehad. Die prys van varkvlies het getuimel, al was dit veilig vir verbruik.

“Ek het geleer varkboere toon 'n uitsonderlike karakter en sakesin. Hulle sit nie en kla iewers in 'n hoekie nie. Hulle het die bul by die horings gepak en die krisis trompop geloop,” het Jenkinson op die onlangse Savpo-jaarver-

gadering op Winterton gesê.

“Dis belangrik dat ons een tree voor bly en na die groter bedryfsprentjie kyk. Ek is opgewonde oor die toekoms,” het hy oor die herposisionering van die organisasie gesê. Voorts het hy gesê sedert die aankondiging deur dr. Aaron Motsoaledi, Minister van Gesondheid, dat die listeriose-uitbreking amptelik verby is, lyk vooruitsigte vir die bedryf aansienlik beter.

Hy het gesê varkvlies is veelsydig, bekostigbaar, asook naspourbaar en varkboere kan 'n groot rol speel om voedselsekerheid in die toekoms te vestig.

– CHARL VAN ROOYEN